

PARASOL

Persvrystelling

Huidige inligting oor wurmmiddel weerstand by herkouers

Webblad vir PARASOL-projek aanlyn: www.parasol-project.org

In Februarie 2006 is PARASOL, 'n internasionale navorsingprojek wat daarop gemik is om die potensiaal van geteikende selektiewe behandeling (GSB) vir volhoubare, lae-inset metodes vir die bestuur van interne parasiete van herkouers (bv. die FAMACHA[®] metode) te ondersoek, geloods. Die bostaande nuwe webblad wat inligting oor die projek en projekvennote, 'n lys van publikasies en 'n onlangse vorderingsverslag bevat, is nou aanlyn beskikbaar.

Die projek, "Nuwe oplossings vir volhoubare bestuur van rondewurms van herkouers", maar beter bekend as PARASOL ("Parasite Solutions", of "Parasietoplossings"), word deur Prof. Jozef Vercruysse van die Fakulteit Veeartsenykunde, Universiteit Gent in België gekoördineer en is vir drie jaar befonds. Dit behels 12 akademiese vennote en 5 besigheidsinstansies van sewe EU lande en twee in Afrika, word deur die Europese Unie "Framework 6 Program" befonds en beloop 'n bedrag van 2,9 miljoen Euro (ongeveer R28 miljoen teen huidige wisselkoerse). Die vennote in Suid-Afrika is die Fakulteit van Veeartsenykunde van die Universiteit van Pretoria en die NWKV (Nasionale Wolkwekersvereniging).

Een van die hoof doelwitte van PARASOL is die ontwikkeling van lae-inset metodes van parasietbestuur by herkouers, gebaseer op die gebruik van selektiewe dosering van slegs daardie diere in 'n gegewe trop, wat nie sonder dosering die mas teen die parasiete kan opkom nie. Hierdie GSB verminder nie slegs die ontwikkeling van wurm weerstand teen die wurmmiddels deur instandhouding van 'n ongeselekteerde populasie parasiete (dus *in refugia*) nie, maar ook die risiko van residue in voedsel en in die omgewing. "Teen die einde van die projek sal PARASOL boere, veeartse en adviseurs van duidelike riglyne en resepte vir lae-inset, verbruiker-vriendelike wurmbestuur voorsien", aldus Prof. Vercruysse. Hierdie riglyne en verdere resultate vanuit die projek sal in veeartseny- en landboujoernale, sowel as op die webblad beskikbaar gestel word.

Maart 2007

Verdere inligting:

Dr Jan van Wyk en Prof. Gareth Bath

Telephone: 012 5298380 en 012 5298038 (082 802 2527 en 082 802 2526)

E-pos: jan.vanwyk@up.ac.za en gareth.bath@up.ac.za

Nota vir redakteure:

Europese “Framework 6 Program (FP6)”: Die FP6 program is die Europese Unie se hoof instrument vir befondsing van navorsing in Europa. Ses FPe is dusver sedert 1984 geïmplementeer, elk vir 5 jaar, met die laaste jaar wat tussen FPe oorvleuel. Die huidige FP6 is daarop gemik om tot die skepping van ‘n “European Research Area” (ERA), ‘n visioen vir die toekoms van navorsing in Europa, ‘n interne mark vir die wetenskap en tegnologie te lei. Dit beoog bevordering van wetenskaplike uitnemendheid, mededingingsvermoë en innovasie deur die fasilitering van beter samewerking en koördinasie tussen relevante rolspelers op alle vlakke. Die grootste gedeelte van die FP begroting sal aan inskerping en integrering van toekomstige navorsingsaktiwiteite op sewe tematiese gebiede, onder andere Voedselgehalte en Veiligheid, bestee word.